



education

**Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noord-Wes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE**

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 11

GESKIEDENIS V1

NOVEMBER 2019

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye asook 'n addendum van 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die NKV-dokument gebaseer is.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: KOMMUNISME IN RUSLAND 1900-1940

VRAAG 2 KAPITALISME IN DIE VSA 1900-1940

VRAAG 3: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19^{de} EN 20^{ste} EEU

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND 1900-1940

VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA 1900-1940

VRAAG 6: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19^{de} EN 20^{ste} EEU

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bron materiaal wat nodig is om die vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gevind word.
3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.
4. Beantwoord DRIE (3) vrae soos volg:
 - 4.1 Ten minste EEN vraag moet 'n brongebaseerde vraag wees en EEN 'n opstelvraag.
 - 4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.
5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.
6. Wanneer vrae beantwoord word, behoort jy jou kennis, vaardighede en insig toe te pas.
7. Die blote oorskrif van die bronne as antwoorde sal jou benadeel.
8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

VRAAG 1: HOE HET LENIN DIE MARXISME IDEOLOGIE IN DIE UNIE VAN SOWJET-SOSIALISTIESE REPUBLIEKE (USSR) VANAF 1918 TOT 1924 TOEGEPAS?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

- 1.1.1 Wat het Lenin aangespoor om 'n sosialistiese samelewing te stig? (1 x 1) (1)
- 1.1.2 Haal enige TWEE hervormings aan wat deur Lenin in Rusland geïmplimenteer is. (2 x 1) (2)
- 1.1.3 Definieer die begrip *Nationalisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 1.1.4 Lewer kommentaar op wat jy dink deur die stelling geïmpliseer word dat “die middele van produksie, verspreiding en uitruiling in die hande van die staat beland het”. (2 x 2) (4)
- 1.1.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Lenin alle veranderinge by die Sowjet-grondwet ingesluit het. (2 x 2) (4)

1.2 Gebruik Bron 1B.

- 1.2.1 Waarom, volgens die inligting in die bron, was Oorlogskommunisme geïmplimenteer? (1 x 2) (2)
- 1.2.2 Definieer die begrip Oorlogskommunisme in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 1.2.3 Hoe, volgens die inligting in die bron, het mense die implementering van Oorlogskommunisme gesien? (2 x 1) (2)
- 1.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom dit vir Lenin moeilik was om oorlogskommunisme in te stel. (1 x 2) (2)

1.3 Lees Bron 1C.

- 1.3.1 Identifiseer enige TWEE maniere in die bron, oor hoe Sowjet-mense op Oorlogskommunisme gereageer het. (2 x 1) (2)
- 1.3.2 Verduidelik waarom die Kronstadt-matrose, in 1921, teen Lenin se regering in opstand gekom het. (2 x 2) (4)

- 1.3.3 Lewer kommentaar oor waarom jy dink Trotsky na die Kronstadt-soldate as die “trots en glorie van die Russiese Revolusie” verwys het. (1 x 2) (2)
- 1.4 Raadpleeg Bron 1D.
- 1.4.1 Verduidelik waarom jy dink hierdie foto geneem is. (2 x 2) (4)
- 1.4.2 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie foto vir 'n historikus wat die reaksie van die Sowjet-mense teenoor Lenin se Oorlogskommunisme beleid navors. (2 x 2) (4)
- 1.4.3 Wat, volgens die bron, moes gedoen word om die uitdagings wat die regering, met betrekking tot Oorlogskommunisme in die gesig staar, op te los? (1 x 1) (1)
- 1.5 Vergelyk Bron 2C en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2C die bewyse in Bron 2D ondersteun rakende die mislukkings van Oorlogskommunisme. (2 x 2) (4)
- 1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe Lenin die Marxisme ideologie in die Unie van Sowjet-Sosialistiese Republieke (USSR) vanaf 1918 tot 1924 toegepas het. (8)
[50]

VRAAG 2: WAT WAS DIE GEVOLGE VAN DIE 1929 GROOT DEPRESSIE OP DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA?

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1.1 Wat het daartoe gelei dat 'n maatskappy aandele op die Aandelebeurs verkoop? (1 x 1) (1)

2.1.2 Verduidelik op watter maniere die volgende, met die koop en verkoop van aandele, gebaat het.

a) Maatskappy (1 x 2) (2)

b) Publiek (1 x 2) (2)

2.1.3 Haal enige TWEE faktore uit die bron aan wat aandui dat spekulاسie aandele wydverspreid was. (2 x 1) (2)

2.1.4 Verduidelik waarom jy die inligting in hierdie bron as nuttig sou beskou wanneer jy die koop en verkoop van aandele in die Verenigde State van Amerika in die 1920s navors. (2 x 2) (4)

2.2 Verwys na Bron 2B.

2.2.1 Hoe, volgens die bron, was kapitalisme beskou? (2 x 1) (2)

2.2.2 Definieer die begrip *kapitalisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.2.3 Haal DRIE kenmerke van kapitalisme uit die bron aan. (3 x 1) (3)

2.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op wat deur die stelling "Laissez-faire beleid in die konteks van die VSA (2 x 2) (4)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Wat, volgens die inligting in die bron, was die oorsake van die Groot Depressie? (4 x 1) (4)

2.3.2 Waarom, volgens die bron, kon Amerikaners nie verbruikersgoedere koop nie? (1 x 2) (2)

2.3.3 Verduidelik waarom jy dink dat multinasionale ondernemings soos Carnegie en Rockefeller groot winste in Amerika gemaak het? (2 x 2) (4)

- 2.4 Gebruik Bron 2D.
- 2.4.1 Verduidelik waarom hierdie artikel op die voorblad van Brooklyn Daily Eagle koerant gepubliseer was. (2 x 2) (4)
- 2.4.2 Lewer kommentaar op die koerantopskrif “WALL ST IN PANIEK TOE AANDELE SKERP DAAL”, in die konteks van die Groot Depressie in die VSA. (1 x 2) (2)
- 2.5 Vergelyk Bron 2C en 2A. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2C die bewyse in Bron 2A ondersteun ten opsigte van die oorsake van die Groot Depressie. (2 x 2) (4)
- 2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die gevolge van die 1929 Groot Depressie op die Verenigde State van Amerika verduidelik. (8)
- [50]**

VRAAG 3: HOE HET HITLER SE RASSE-IDEOLOGIE VAN EUGENETIKA TOT DIE (HOLOCAUST) MASSAMOORD VAN DIE JODE IN DIE 1930s GELEI?

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

- 3.1.1 Identifiseer die TWEE redes in die bron wat Europeërs aan ras laat dink het? (2 x 1) (2)
- 3.1.2 Definieer die volgende konsepte in jou eie woorde:
- a) Wetenskaplike rassisme (1 x 2) (2)
- b) Eugenetika (1 x 2) (2)
- 3.1.3 Waarom, volgens die inligting in die bron, het Hitler geglo dat Duitsers lede van 'n superior ras was? (2 x 2) (4)
- 3.1.4 Verduidelik waarom Hitler geglo het dat die Ariese nasie bedreig was? (2 x 2) (4)
- 3.1.5 Gebruik die inligting in die bron en noem waarom die Duitse regering genadedood ondersteun het. (1 x 2) (2)

3.2 Gebruik Bron 3B.

- 3.2.1 Lewer kommentaar op waarom jy dink hierdie foto geneem is. Gebruik visuele leidrade in die bron om jou antwoord te staaf. (2 x 2) (4)
- 3.2.2 Wat sê die woorde “uitgehonerde gevanenes” oor die houding van Duitsers teenoor die Jode? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer Bron 3C.

- 3.3.1 Wat volgens die bron, was Hitler se hoofdoel rakende die Jode? (1 x 2) (2)
- 3.3.2 Identifiseer enige TWEE metodes in die bron wat voorstel hoe ander rasse deur die Duitsers doodgemaak is. (2 x 1) (2)
- 3.3.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die impak wat die SS op die Belzec-oorlewendes gehad het. (1 x 2) (2)

- 3.4 Raadpleeg Bron 3D.
- 3.4.1 Wat, volgens die inligting in die bron, het Hitler die Jode die skuld voor gegee? (1 x 2) (2)
- 3.4.2 Hoe, volgens die Bron, het die Nuremburg-wette die menseregte van die Jode geaffekteer? (2 x 1) (2)
- 3.4.3 Lewer kommentaar op waarom jy die inligting in hierdie bron as nuttig sou beskou wanneer jy die gevolge van die Nuremburg-wette op die Jode navors. (2 x 2) (4)
- 3.5 Vergelyk Bron 3C en 3D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3C die bewyse in Bron 3 ondersteun rakende hoe die Jode deur die Duitsers vermoor is. (2 x 2) (4)
- 3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe Hitler se rasse-ideologie tot die (Holocaust) massamoord op die Jode in die 1930s gelei het. (8)
[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie.

Jou opstel behoort omtrent DRIE bladsye lank te wees.

VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND 1900-1940

Verduidelik tot watter mate Stalin se Gosplan suksesvol was om 'n landbou- en industriële transformasie van die Sowjetunie tussen 1928 en 1941 te skep.

Gebruik relevante bewyse om jou gedagterigting te ondersteun. [50]

VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA 1900-1940

"Die Nuwe Orde het hervormings ingestel wat die kapitalistiese stelsel van totale ineenstorting gered het"

Stem jy met hierdie stelling saam? Ondersteun jou gedagterigting met relevante bewyse. [50]

VRAAG 6: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19^{de} EN 20^{ste} EEU

Bespreek krities hoe Nazi-Duitsland, onder Adolf Hitler, Eugenetika en rassewette gebruik het om tussen 1933 en 1942 'n meesterras in Duitsland te skep. [50]

TOTAAL: 150